Die Olielamp

REDAKSIONEEL

'n Nuwe Begin…

'n Nuwe jaar lê in al sy glorie vir ons en wag. Tog is ons effens gespanne… oorlog dreig tussen die Verenigde State van Amerika en Irak, en in Zimbabwe, en ander Afrika-lande is gedompel in hongersnood. Is daar nog werksgeleenthede, is ek in die regte studierigting, gaan ek matriek slaag? Is daar nog plek vir Christene in ons samelewing? Tog maan God ons in Matthéüs om nie besorg te wees oor die dag van môre nie.

Matt. 6:31- 34: *"Daarom moet julle jul nie kwel en sê: Wat sal ons eet, of wat sal ons drink, of wat sal ons aantrek nie?*

Want na al hierdie dinge soek die heidene; want julle hemelse Vader weet dat julle al hierdie dinge nodig het.

Maar soek eers die koninkryk van God en sy geregtigheid, en al hierdie dinge sal vir julle bygevoeg word."

Kwel julle dus nie oor môre nie, want môre sal hom oor sy eie dinge kwel. Elke dag het genoeg aan sy eie kwaad.

Hy sal vir ons sorg in 2003 net soos wat Hy vir ons gesorg het in 2002.

Olielamp begin 2003 met 'n nuwe blaadjie!!! Dankie aan die uitlegspan, veral aan Alex van Houwelingen, vir julle, letterlik maande, se beplan en teken. Die onderskeie redaksies het ook verskeie nuwe lede en sommige lede het afgetree. In besonder wil ons Gerhard Bijker bedank vir sy JARE se harde werk by *Die Olielamp*. Dit is nie 'n maklike werk om elke maand al die artikels te verwerk tot 'n leesbare tydskrif nie. So ook vir Elsbeth van der Linden wat elke maand in stilte agter die skerms ons taal- en tikfoute reggemaak het. **Baie dankie** vir julle insette. Welkom aan al die nuwe redaksielede. Mag ons almal lekker saamwerk.

Na 'n heerlike vakansie en kongres in die Kaap, mag ons dankbaar wees dat almal weer veilig tuis is. Dankie aan die Kapenaars vir julle gasvryheid en organisering van die kongres en ander ontspanning. Ons mog weer nuwe vriende maak en ou bande versterk. Lees meer oor die verrigtinge tydens en rondom die kongres in *Die Sleutelgat*, *Voetspoor* en *Kongresbylae*.

Een van die werkswinkels by die kongres het gehandel oor die tema of ons gemeentes "oop" of geslote vir gaste is. Daar is baie daaroor gedebatteer en elkeen het sy eie opinie. Sommiges voel ons is "oop" en ander voel ons is ontoereikbaar vir ander jeug. In dié *Olielamp* word hierdie tema weereens aangeraak deur twee artikels wat onderskeidelik oor gemeenskap van die heiliges en gasvryheid in ons gemeentes handel. Miskien moet ons hierdie jaar ons oë en harte oopmaak vir medejeuglede, nie net buite ons kerkgemeenskap nie, maar ook in die kerk. Dit is goed om so nou en dan stil te staan by dit wat naby jou is. Soms sien mens nie raak hoe jeuglede wegraak en nie meer deel in aktiwiteite nie. Miskien het jy al 'n "storie" of twee oor die persoon gehoor. Moenie oordeel nie. Gaan praat met die persoon en bepaal jou eie opinie in plaas van om jou ore uit te leen aan skinderstories. Jy sal verbaas wees hoeveel "stories" is halwe waarhede of geen waarhede nie…

Kom ons maak 2003 'n omgee-jaar vir mekaar. Mag ons soos Christene in liefde met mekaar saamleef. Onthou, jou tyd en aandag is immers die beste geskenke wat jy ooit aan iemand kan gee…

Pretoria Redaksie
Tanya de Vente

Jaargang 7 nr 1, Februarie 2003

INHOUD

Redaksioneel	1
Uit Die Woord	**2**
Het ons 'n saddistiese God?	2
Oproer in Efese	3
Jerusalem die stad van die groot koning?	5
Oppad	**6**
Bybel, Psalms en Hervormers (vervolg)	6
Gasvryheid	7
'n Terugblik op Kongres 2002	8
Voel Jy Ook So?	**10**
Gemeenskap van die Heiliges	10
God Fashion en jeugdienste: nuttig?	11
'n Beroep op verstand	13
Deur Die Sleutelgat	**14**
Voetspore	**16**
Nog Iets	**17**
Jacoba Afrikaner – Maretha Maartens	17
Leven zonder masker – Marleen Ramaker	18
Gedigte	**18**
Bo al U donker bome – Totius.	18

HET ONS 'N SADDISTIESE GOD?

Gen 22 : 1-19

Arjan Van Houwelingen

Is God saddisties?

Na aanleiding van al die probleme in die Midde-Ooste en die terreuraanvalle van Moslemgroepe, het in die Time Magazine van 30 September 2002 'n artikel verskyn oor Abraham. Hy word deur die Jode, Moslems en Christene - die drie groepe wat as deelnemers van die stryd en terreur van die laaste tyd gesien word - as aartsvader erken. In die artikel is heelwat aandag geskenk aan een van die grootste geloofsdade van Abraham: die offerande van Isak.

In reaksie hierop het iemand die volgende geskryf: "Ek vind die verhaal van die offerande baie afstootlik. 'n God wat vra dat iemand se kind geoffer moet word, is sadisties, ook al was dit net 'n toets van Abraham se toewyding. So 'n God is nie werd om gedien te word nie."

En om die waarheid te sê, kan 'n mens wel op 'n manier verstaan waar die bewering vandaan kom dat God met hierdie geskiedenis optree asof Hy 'n sadistiese God is. Hy het nou wel nie toegelaat dat Abraham Isak doodmaak nie, maar dink net aan al die verdriet en lyding wat Abraham moes deurgaan toe hy hoor dat hy sy enigste seun moes doodmaak. 'n God wat dit aan sy kinders doen, moet wel sadisties wees. Wat kan 'n mens teen hierdie redenasie inbring?

Die krag van die geloof

Wie so redeneer, onderskat die krag van die geloof. Ek wil nie beweer dat Abraham geen moeite gehad het met God se opdrag nie, maar dit was nie so 'n uitsiglose opdrag soos wat dit vir ongelowiges sal klink nie: "...want hy het gereken dat God mag het om selfs uit die dode op te wek" (Heb 11:18). Ook kon hy vas vertrou op God se belofte dat uit dieselfde Isak wat hy nou moes offer, 'n groot nasie gebore sou word (Gen 21:12).

Abraham kon dus baie troos vind in God se beloftes. Dit was ook die enigste wat hom deurgehelp het. In vers 5 sien ons dat Abraham so sterk daaraan vashou, dat hy oortuig daarvan is dat hy én sy seun saam sou terugkeer vanaf die berg waar hy moes offer.

REDAKSIES:

Kaapstad:
Redaktrise: Carina van Alten – carinavalten@mweb.co.za
Artikelversorging: Corrien Geleynse
Jaco Haak
Sekretaresse: Clara van der Vinne
Finansies: Albert Drijfhout

Maranata:
Redaktrise: Cora Visser – jrvisser@global.co.za
Penningmeester: Daniël van der Meulen
Sekretaresse: Marie Louise van den Bout
Lede: Cornelia Kerkhoff
Frans Hagg
Johan de Vente

Pretoria:
Redaktrise: Tanya de Vente - tanyadevente@freemail.absa.co.za
Sekretaris: Arjan Van Houwelingen
Lede: Wilma Lubbinge

Illustrasies: Alex Van Houwelingen

Kontakpersone:
Johannesburg: Marietjie Bijker
Bethal: Eugene du Preez
Springs: Thersa Heuning
Brakpan-Suid: Marcel Brown

Administrasie & uitleg:
Willemien Kleijn – willy_k@freemail.absa.co.za
Arjan Bijker – bijker@freemail.absa.co.za

Ons hoop om *Die Olielamp* 9 keer per jaar uit te gee.
Hierdie eksemplaar is ook elektronies beskikbaar by die volgende Internet adres:
http://www.vgk.org.za/olielamp/

Koste: R45.00 per jaar

En in vers 8 sien ons dat hy in hierdie oortuiging volledig op God staatmaak. Die God wat Abraham so swaar beproef het, help hom klaarblyklik ook uit liefde deur al die beproewings heen.

Ook vir ons is die geloof in God se beloftes die enigste wat ons sal help deur moeilike tye as dit lyk asof God dinge net vir ons moeilik wil maak. Hy het naamlik ook aan óns belowe dat Hy alles tot ons beswil sal beskik (Rom 8:28).

Ons verdien nie anders nie

Ons moet ook onthou dat God die reg gehad het om die bloed van Isak te eis. Geen mens verdien dit om in 'n verbond met God te bly lewe nie. Vir ons as sondige mense is dit selfs onmoontlik om voor sy aangesig in die lewe te bly. God kan geen sondaar in sy verbond opneem sonder dat bloed die sondes weggewas het nie. Dit wil Hy vir Abraham duidelik maak deur die bloed van Isak te eis.

Maar net voor Abraham sy seun doodmaak, wys God hom nog iets. Naamlik dat ons nie hoef te sterf nie, omdat Hyself vir die offer sal sorg. Hy voorsien self 'n offer, sodat Isak nie hoef te sterf nie. Dit was alleen moontlik omdat Hyself sy Seun op Golgotha geoffer het. Die offer het vir al sy kinders se sondes voldoen.

God se opdrag aan Abraham was dus nie 'n versoeking nie, maar 'n les oor hoe genadig Hy is. In plaas daarvan dat dit vir Abraham onmoontlik was om God nog verder te dien, soos aan die begin van die artikel beweer word, het Abraham ná sy offerande op die berg net so veel meer rede om God te loof en te prys vir sy genade.



Spieël

Wie God dus beskuldig van sadisme, omdat Hy van Abraham geëis het dat hy sy seun moet offer, hou homself eintlik 'n spieël voor.

Dis naamlik nie God wat van ons kinderoffers eis nie, maar ons sondes het Hom wel daartoe 'gedwing' om sy eie Seun te offer sodat ons sy kinders genoem kan word.

In plaas van allerhande beskuldigings is dankbaar-heid baie meer gepas, want God hou dit nie teen ons dat ons almal sy Seun deur ons sondes laat kruisig het nie.

OPROER IN EFESE

Handelinge 19 : 23 – 40

Ingrid Byker

Efese was 'n gewilde bymekaarkomplek vir aanhangers van toorkuns en bygeloof het hoogty gevier. Artemis was die hoofgoddelikheid van Efese, die godin van vrugbaarheid, die moedergodin. Haar tempel, net buite die stad, was een van die sewe wonders van die antieke wêreld. 120 meter lank en 70 meter breed, moes dit nogal indrukwekkend gewees het. Binne-in die tempel was Artemis se "beeld wat uit die hemel geval het". Dit was dus waarskynlik 'n stuk klip of iets soos 'n meteoriet. Die bygelowige Efesiërs het dit egter as 'n geskenk uit die hemel gesien.

In hierdie heidense stad het 'n gemeente van Christus ontstaan en Paulus het lank daar gewerk. Wanneer Paulus egter daar wil vertrek om Rome te gaan besoek, ontstaan daar 'n opstand teen hom en die gemeente.

Die tempel van Artemis het, behalwe die plaaslike mense, ook nog vreeslik baie besoekers gelok. Een maal per jaar is daar 'n groot fees gehou ter ere van die godin en mense het van heinde en verre gekom om

daaraan deel te neem. Wanneer hulle dan weer terugkeer na waar hulle vandaan gekom het, wou hulle graag 'n aandenking huis toe neem. Silwersmede het dus goeie besigheid gedoen deur beeldjies van die godin te maak en te verkoop.

Maar toe kom Paulus. Demetrius en die ander silwersmede was baie ontsteld, omdat die dinge wat Paulus leer hul inkomste benadeel. As mense in God sou begin glo, sou die silwersmede nie meer 'n inkomste kon maak uit afgodsbeeldjies nie. Paulus se leer dat hand-gemaakte artikels nie gode is nie, bots met die beskouings van die destydse heidendom wat gode en godsbeelde vereenselwig het. Demetrius-hulle steur hulle nie direk aan Paulus nie, maar was wel ontsteld oor die moontlike uitwerking daarvan.

Demetrius veroorsaak 'n opstand en bereik sy doel: die skare se godsdienstige sentiment is wakker gemaak en oproerige massas stroom na die amfiteater. Hierdie amfiteater was 'n groot teater in die middel van die stad met plek vir ongeveer 25 000 mense. Twee van Paulus se vriende word gegryp en saamgesleep. Paulus is bekommerd en wil hulle gaan red, maar word deur amptenare, wat ook sy vriende was, afgeraai omdat dit te gevaarlik sou wees. Dat Paulus vriende onder die amptenare het, wys ons hoe 'n groot invloed Paulus eintlik gehad het. Die boodskap wat hy verkondig het, het deurgedring na alle vlakke van die gemeenskap en alle sosiale grense oorgesteek.

Op byna humoristiese wyse beskryf Lukas dan die deurmekaarspul wat volg. Die meeste mense het nie eens geweet waaroor die hele storie nou eintlik gaan nie en Demetrius-hulle kry nie eens 'n kans om hul klag te lê nie.

Die wêreld beskou die kerk as 'n bedreiging. Dit is 'n stryd tussen die duiwel en God, tussen die wêreld en die kerk, tussen ongelowiges en gelowiges. Ons, as kinders van die enigste ware God, mag ons nie by die wêreld aanpas, sodat ons nie anders sal wees nie. Sien die wêreld nog deesdae die kerk as 'n bedreiging, of kom hulle nie eens agter dat ons hier is nie?

Die wêreld word ook deur die valse kerk ondersteun. Toe die Jode wat aanwesig was, agterkom wat aangaan, word hulle baie bekommerd dat die skare hulle ook sal blameer vir die moeilikheid en stuur 'n sekere Jood, Aleksander, om namens hulle die skare toe te spreek. Die gesig van 'n Jood wat hulle wil toespreek, 'n Jood wat nie in Artemis glo nie, het nie juis die gewenste uitwerking op die rumoerige skare gehad nie. Hulle skree hom eenvoudig stil (en hou dit boonop twee uur lank vol!).

Uiteindelik kry die stadsklerk dit tog reg om die skare te laat bedaar. 'n Stadsklerk was een van die hoogste beamptes van die stadsbestuur. Die stadsklerk is bekommerd dat die Romeinse owerheid die stad Efese sou straf oor die opstand. Hy paai die gevoelens van die skare. Daar is geen werklike klag teen die Christene nie, en indien iemand tog 'n klag sou wil lê, kan hy dit in die Romeinse hofsittings gaan doen.

Die rus keer terug na Efese. Paulus en sy helpers word bewaar. Ons kan gelowig hieruit sien hoe God in beheer bly van die hele wêreld, ook van die owerhede. So beskerm Hy sy kerk en alle gelowiges.

JERUSALEM DIE STAD VAN DIE GROOT KONING?

Cora Visser

"En die hoogtes wat oos van Jerusalem was, suid van die Berg van Bederf, wat Salomo, die koning van Israel, gebou het vir Astarte, die verfoeisel van die Sidoniërs, en vir Kamos, die verfoeisel van die Moabiete, en vir Milkom, die gruwel van die kinders van Ammon, het die koning verontreinig." (2 Konings 23:13)

Hoekom die vraagteken? Psalm 48 besing Jerusalem dan as die stad van die groot Koning. Jerusalem is die stad wat van die HERE se heerlikheid spreek. 'n Ander voorbeeld waar die heerlikheid van Jerusalem as die stad van God besing word, is Psalm 87. Ons lees daar in vers 2, 3: "Die HERE het die poorte van Sion lief bo al die wonings van Jakob. Heerlike dinge word van U gesê, o stad van God."
Dit is duidelik dat die HERE vir Sion, vir Jerusalem, uitgekies het om daar op 'n besondere manier te woon. Dit was juis hierdie stad wat in alles van Hom as die enigste God moes getuig. Die tempel het in Jerusalem gestaan. Daar was die troon van God as die groot Koning op aarde. Dit moes so wees dat juis Jerusalem as stad van die HERE van Hom as God en nie as een van die gode, selfs nie as die belangrikste god sou getuig nie. So moes dit wees, maar was dit ook so as 'n mens in die pad geval het om na Jerusalem te gaan? Was dit dan so dat hierdie stad regtig daarvan getuig het dat die HERE God is en niemand anders nie? Ek dink dat ons dikwels in ons kop die beeld saamdra dat dit regtig so was. Dat ons leef met die gedagte dat daar net somtyds 'n uitsondering was op die beeld wat Jerusalem moes uitstraal. Nogtans was dit vir meer as 300 jaar nie so nie. Vir meer as 300 jaar was daar afvalligheid en het Jerusalem sekerlik nie die beeld uitgestraal wat dit moes nie.

Vanaf Salomo getuig Jerusalem nie van die HERE as die enigste God nie. Dit is Salomo wat die tempel in Jerusalem mag bou. Hy doen dit, en tydens sy regering word die tempel in gebruik geneem. Hoe getuig Jerusalem nie nou van God nie, met die tempel van die HERE as die groot Koning aanwesig is binne haar mure! Nogtans word hierdie getuienis tydens die regering van Salomo al hoe meer verswak. Hoe gebeur dit?

Namate Salomo ouer word, bou hy steeds meer heiligdomme vir sy buitelandse vroue en hul gode. Ons lees dit in 1 Konings 11. Van die bou van sekere hoogtes vir die afgode lees ons in vers 7, 8: "Toe het Salomo 'n hoogte gebou op die berg wat oostelik van Jerusalem lê, vir Kamos, die verfoeisel van die Moabiete, en vir Molog, die verfoeisel van die kinders van Ammon. En so het hy gedoen vir al sy buitelandse vroue wat rook laat opgaan het en geoffer het aan hulle gode."

Dit maak duidelik dat as mense daardie tyd Jerusalem besoek, hulle nie net die tempel sien nie, maar ook plekke, altare waar ander gode gedien word. Dit wek die indruk dat selfs die HERE hier nie as die enigste God vereer word nie. Dit verswak ook Israel se besef van die HERE as 'n enige God.
Hierdie altare waar ander gode as die HERE vereer word, het nie net in die laaste periode van Salomo se regering in Jerusalem gestaan nie. Meer as 300 jaar is hulle daar.
Salomo het naamlik van omtrent 970-931 v.C. geregeer. Wanneer is die heiligdomme wat hy vir die afgode laat bou, verwoes en buite werking gestel? Dit het tydens die regering van koning Josia gebeur. Hy het van 640 tot 609 v.C. oor Juda geregeer. Dis in die jaar 622 of 621 v.C. dat Josia 'n groot reformasie laat plaasvind. Dit is pas by hierdie radikale reformasie dat die altare wat Salomo laat bou het, vernietig word.
Hierdie heiligdomme was nog maar net die begin van allerhande afgodedienste wat Jerusalem binnegekom het. As jy 2 Konings 23 lees, sal jy agterkom hoe Jerusalem in die loop van ruim 300 jaar al hoe minder van die HERE as die enigste God en groot Koning getuig het. Dit was selfs so dat sogenaamde heilige

prostitusie in die tempel bedryf is. Sien 2 Konings 23:7. Ons moet van die stad Jerusalem tussen 950 en 621 v.C. geen idealistiese beeld in ons kop hê nie. Wie hierdie stad toe besoek het, het selfs onder vroom konings nie die indruk gekry dat die HERE alleen God is nie. Hoe groot was toe en vandag die verleiding om nie net die HERE te dien nie.

BYBEL, PSALMS EN HERVORMERS (VERVOLG)

Liedere van die Hervorming
Heel van die begin af het die Hervormers klem gelê op die deelname van die gemeente aan die erediens. Een van die maniere waarop die gemeente kon deelneem, was deur die sing van psalms en gesange.

Luther
Luther het 'n vernuwing teweeggebring ten opsigte van die kerklied. Hy het self die taak van die behoud, hervorming en uitbreiding van die kerklied behartig. Daartoe was hy nie net musikaal bekwaam nie, maar ook tegnies onderlê en literêr begaafd. Hy het begin om van die Latynse kerkliedere in Duits te vertaal en self ook 'n hele aantal liedere te skryf. Hy het ook sommige van die berymings gedoen met die hulp van Johann Walther.

Verder het Luther hom sterk daarvoor beywer dat die volk in die volkstaal moes sing, en nie in die vreemde Latyns soos dit tot op daardie tydstip die geval was nie.

Luther was van mening dat die kerklied skriftuurlik moes wees, maar nie noodwendig 'n letterlike weergawe van die Skrif nie. Hy was dan ook persoonlik verantwoordelik vir die eerste Protestantse liedereboek getiteld Etliche Christliche Lieder, Lobgesang und Psalm wat in 1524 in Wittenberg verskyn het. Hierdie liedere het gebede, lofsange, belydenis van sonde en geloof, en verkondiging van die Evangelie ingesluit.

Seker die bekendste van Luther se liedere is die onsterflike strydsang Ein Feste Burg ('n Vaste burg is onse God). Hierdie lied is gebaseer op die woorde van Ps. 46: "God is 'n toevlug in die nood, 'n rots wat altyd vas bly staan".

Franse Hervormers
Ook die Franse Hervormers het veel gemaak van sang tydens die eredienste. Clément Marot (1495-1544) was 'n hofdigter en kamerheer vir koningin Margaretha. In 1527 het hy by die Hervormers aangesluit. Op aandrang van die koningin het hy in 1533 begin om sommige van die Psalms in Frans te vertaal. Hy moes van 'n Latynse teks werk, omdat hy geen Hebreeus geken het nie. Sy eerste pogings het hy in manuskripvorm versprei. In 1540 is die eerste dertig Psalms voltooi en in 1542 is dit gedruk.

In medewerking met 'n ander Franse Hervormer, Farel, het Calvyn in 1537 by die Raad van Genéve voorgestel dat gemeentelike sang by die openbare eredienste te Genéve ingevoer sal word, en dat daar vir dié doel gebruik gemaak sou word van die Psalms.

Tydens sy verblyf in Straatsburg het Calvyn kennis gemaak met die Duitse Koraal en die waarde van die kerklied as deel van die erediens besef. Sedert dié tyd het hy, net soos Luther, probeer om die teologiese plek van musiek en sang in die erediens en in die omgang met God te bepaal.

Intussen het Calvyn in Straatsburg die manuskrip van Marot se Psalms in die hande gekry. Hy het toe self ongeveer ses Psalms verwerk wat hy by dertien van Marot se Psalms gevoeg het en in 1539 gepubliseer het onder die titel Aulcuns Pseaumes et Cantiques, mys

en chant. Dit was die eerste gereformeerde gesangboek in Frans. Die doel van hierdie Psalmboek was om in die kerk gebruik te word, daarom is daar by elke eerste vers 'n melodie afgedruk. Hierna is verskeie bygewerkte kopieë in Genéve uitgegee en in 1561 het die Geneefse Psalmboek in sy volledige vorm verskyn.

Die geskiedenis van die Geneefse Psalmboek hang ten nouste saam met die geskiedenis en arbeid van die vier medewerkers van Calvyn in die beryming en toonsetting van die Psalms. Hulle was Clément Marot en Theodorus de Bèze (berymers) en Louis Bourgeois en Máitre Pierre (komponiste).

Ná die publikasie van Marot se Psalmbundel moes hy Parys verlaat, en het na Genève gegaan. Op aandrang van Calvyn het hy nog twintig Psalms berym en dit in 1543 gepubliseer onder die titel Cinquante pseaumes. Hy is hierna na Turyn waar hy twee jaar later oorlede is.

Na Marot se dood het Theodor Béza voortgegaan met die vertaling van die Psalms. In 1562 is die eerste volledige Psalmboek in Frans uitgegee met 49 Psalms van Marot en 101 van Béza. Hierdie Psalmboek is baie wyd versprei en was só gewild dat dit 62 herdrukke beleef het. Verder is dit ook in 22 tale vertaal, onder andere in Nederlands, Duits, Hongaars, Latyn en Engels.

Aanvanklik was die Psalms net by private byeenkomste gesing, maar daar is heel gou begin om dit ook tydens eredienste te sing. Vir die Hugenote was Psalm 68 net so gewild as Ein Feste Burg vir die Lutherane. Dit was bekend as die Hugenote-Psalm en het begin met die woorde « Que Dieu se montre seulement Et on verra sondainement Abandonner la place » (die Heer sal opstaan tot die stryd, Hy sal sy haters ver en wyd laat wegvlug voor sy oë).

Van hierdie Psalm het een van die Katolieke offisiere wat teen die Hugenote geveg het, gesê: "Toe daardie beeste hul sataniese lied, 'Die Heer sal opstaan tot die stryd', begin sing het, het ons alle beheer oor ons manskappe verloor; hulle het gevlug asof alle ontketende duiwels op hulle hakke was." Maar hierdie Psalm was al veel vroeër gewild. So het Oliver Cromwell tydens die Puritynse Rewolusie in Engeland uit dié Psalm sy krag geput en het die Kruisvaarders van die Middeleeue hierdie lied in hul gevegte in Palestina aangehef. Maar selfs die digter van hierdie Psalm, koning Dawid, het sy inspirasie gevind uit die woorde van Moses wat elke keer as die ark van die Here vertrek het, gesê het: "Trek op, Here, verstrooi u vyande! Laat hulle wat vir U haat, voor U wegvlug!"

Word vervolg.

(Met toestemming geneem uit "Die Bybel , Die Psalms en die Hervormers" deur Alet Malan. Hugenote-Gedenkmuseum, Franschhoek, 1995)

GASVRYHEID

Wilma Lubbinge

Gasvryheid is 'n bedreigde eienskap. In ons moderne samelewing konsentreer elkeen op hom of haarself. Stadig maar seker het ander mense op die agtergrond geraak. Dit raak vir ons al hoe moeiliker om mense uit te nooi om te kom kuier of om moeite te doen om mense welkom te laat voel in ons huis, vriendekring, by die werk of by die kerk. Tog is dit 'n belangrike eienskap wat ons aandag nodig het.

Die woordeboek beskryf gasvry as "gul in die onthaal van gaste; herbergsaam." Gulheid word weer as vrygewigheid beskryf.

Die woord "gasvryheid" kom op twee plekke in die Bybel voor, nl.

Romeine 12:13: "Maak voorsiening in die behoeftes van die heiliges; streef na gasvryheid."
Hebreërs 13:2: "Vergeet die gasvryheid nie, want daardeur het sommige, sonder om dit te weet, engele as gaste geherberg."

Dan is daar ook in 1 Tim 3:2 en 5:10 en 1 Petr 4:9 verwysings na "gasvry".

Gasvryheid kry baie aandag in die Bybel. Dit gaan oor meer as 'n koppie koffie of 'n stukkie brood. Dit gaan oor respek vir mekaar en erkenning van mekaar se waarde. Dit gaan oor die bereidheid om beskikbaar te wees en die

verlange om mekaar welkom te laat voel. Met die houding om oop te staan om nuwe mense te ontmoet en gesprekke aan te knoop. Ook om hartlik te wees, raad te gee, mekaar te stimuleer en te bemoedig.

In sy brief aan die Romeine lees ons hoe Paulus ook die Romeine se gasvryheid ervaar het. In hoofstuk 16 spreek hy sy dankbaarheid uit oor Priscilla en Aquila se gasvryheid wat selfs sover gegaan het om hulle lewe vir hom te waag. In vers 13 skryf Paulus oor Rufus wat "soos 'n moeder" vir hom was.
As mens Romeine 12 vers 13 en 14 in verband lees, leer mens dat gasvryheid beteken dat ons vir almal wat ons ontmoet, die beste soek.
Dit beteken dus dat ons 'n ope hart moet hê en 'n ingesteldheid om mekaar ruimte te gee. Ruimte waarin jy jouself durf wees en jouself durf gee.

Gasvryheid vra ook tyd, energie, buigbaarheid en ekstra uitgawes. En by dit alles is jy ook makliker kwesbaar omdat jy jouself oopstel vir ander.

Daar is seker niks erger as om agter te kom dat jou gasheer of -vrou nie regtig gasvry is nie, maar dit eintlik net doen omdat dit van hulle verwag word.

1 Petrus 4:9: "Wees gasvry jeens mekaar sonder om te murmureer."

Maar gasvryheid het ook perke. En die grense moet vasgestel word om jouself en jou gesin te beskerm, want voor jy dit besef, is daar baie mense wat van jou gasvryheid misbruik wil maak. Soms moet jy net weet waar om 'nee' te sê.

Dink hieroor na:
Watter beperkinge ervaar jy as dit by jou eie gasvryheid kom?
Hoekom ervaar jy die beperkinge?
Dink jy dat ons gemeentes gasvry is?
Hoekom is dit so moeilik om gasvry te wees teenoor mense van ander lande of tale en gewoontes?

'N TERUGBLIK OP KONGRES 2002

Cora Visser en Tanya de Vente

Vier werkswinkels... Twee dae... Tonne inligting... Baie debatte... Wat het ons geleer?

Om gereformeerd te lewe in 'n wêreld vol van o.a. postmodernisme en charismatiese gelowe, is nie aldag maklik nie. By die afgelope kongres mog ons weer daarop fokus wat presies dit is om gereformeerd te wees en hoe om aanvalle van die wêreld te kan hanteer.

Om gereformeerd te lewe
Dit is aangebied deur Ton Roos.
Romeine 12:2: " ... En word nie aan hierdie wêreld gelykvormig nie, maar word verander deur die vernuwing van julle gemoed, sodat julle kan beproef wat die goeie en welgevallige wil van God is."

Om gereformeerd te lewe, beteken jy moet breek met die wêreld en die sondes van die wêreld. Jy maak 'n keuse vir geloof en kerk en rig jou lewenshouding tot eer van God. Was Jesus Christus gereformeerd? Nee, want gereformeerd wees beteken 'n voortdurende proses van reformering en bekering.

Die kern van gereformeerd wees is alles saamgevat in artikel 7 van die NGB. Alles wat in die Bybel is, is gereformeerd. Die Evangelie het nog nooit verander nie (Son 6). In die geskiedenis van die kerk was God altyd teenwoordig. Hy werk altyd met sy volk. Hy is gister, vandag en môre altyd dieselfde. In die kerk self moet ons die ware kerk nastreef en die leer van die kerk altyd weer toets aan die Bybel. Ons is almal saam in die kerk en elkeen kan sy individuele gawes tot nut en saligheid van almal aanwend. Die Bybel gee ons norme waarvolgens ons moet lewe. Die menings wat ons in die lewe het, moet van God af kom en aan die Bybel getoets kan word.

In die kerk is daar sekere gewoontes, soos jy gaan fliek nie op Sondae nie. Daar is wel 'n gevaar dat dit wat ons gewoontes en tradisies noem, 'n wet word wat ons op ander wil afdwing! Ons moet hierdie gewoontes en tradisies altyd bly toets aan die Skrif.

Postmodernisme

Wat is die waarheid? GOD
Wat is die werklikheid? "Ek is wat ek dink."

Dit is die vrae waarmee Axel Hagg die werkswinkel oor postmodernisme aan die rol gekry het. Die lesing het jou laat besef hoe 'n groot impak postmodernisme op jou lewe het, of op die wêreld het.

Johannes 5 : 36-39
God, ons werke en die Skrif getuig van Jesus.

Die mens wil nie meer gekontroleer word nie; sy rasionele denke is die antwoord. Na Auschwitz en die Tweede Wêreldoorlog is dit die mens se gevoel wat moet sê wat is reg en verkeerd. Hieruit spruit egoïsme en individualisme. Jy bepaal self wat waarheid is. As jy voel dis vir jou die waarheid is dit so, as iemand anders 'n ander opinie het... dit maak nie saak nie. Ek glo wat ek wil en jy glo net wat jy wil. Maar moet net nie jou siening op iemand anders afdwing nie!

Ons is in die middel van 'n eeue-oue stryd tussen God en Satan. Met postmodernisme kan ons maklik opkom vir dit wat ons glo! Maar dit gee ons ook 'n groot taak (Sondag 10)!

Charismatiese denke
'n Baie aktuele onderwerp waarmee ons baie intens te doen kry, veral as studente.
Aangebied deur Idelet Meijering.

Kinderdoop
Artikel 33 NGB, V&A 74
Dit gaan oor die verbond van God met sy kinders. Soos ons aan die veroordeling in Adam deel het, het ons ook deel aan die verlossing in Jesus (doopsformulier). Dit is die teken van God se verbond. Dis in die plek van die besnydenis - ook by klein kinders. Dooppassief, belydenisaktief. Anders lyk dit asof ons self vir God kies as ons gedoop word.

Heilige Gees
Handelinge 2:38
Die Heilige Gees werk in jou vanaf jou doop. Anders kan jy nie glo nie. Jy word ook gedoop met die Heilige Gees. Hy werk die geloof en bekering in jou elke dag weer. Die lees van die Bybel en besig wees met God laat jou groei in geloof, vol word van die Heilige Gees en dit laat jou groei na belydenis doen.

Tale praat, vandag nog?
Verskil van mening!!! Dit moet wel tot stigting van die gemeente wees en verstaan kan word.

Dit was in die NT ter bemoediging van jong gemeentes. Jy word nie geken as 'n gelowige as jy tale praat nie, maar aan die vrugte van geloof. Die fokus moet op God en nie op mense wees nie.

Is ons gemeente 'n oop huis?
Dit is 'n onderwerp waaroor mens nooit moet ophou praat en dink nie. Aangebied deur Ds. E. Viljoen.

In Openbaring word die stad van God uitgebeeld soos die gemeente. Lig wat uitstraal... 12 poorte, baie ingang vir mense om in te kom... groot stad, plek vir baie mense... mooi stad, trek mense... poorte is nooit gesluit nie...

Doen ons werklik nog die moeite om vreemde mense tuis te laat voel in ons gemeentes? Dien die poortwagters nog 'n doel? Of staan hulle net daar om mooi te lyk? Ons moenie net fokus op ons eie vriendegroep nie! Het ons gewoontes in die kerk wat mense afsit? Ons

moet almal saam daaraan werk om ‘n OOP HUIS te wees vir gaste en vriende van buite.

Voel jy ook so?

GEMEENSKAP VAN DIE HEILIGES

Cora Visser

“Ek glo in die gemeenskap van vriende en familie…en myself”

Elke Sondag hoor ons: “ Ek glo in die gemeenskap van die heiliges…”. Ons bely dit saam met die dominee in ons harte…

Glo jy regtig in die gemeenskap van die heiliges, sien jy dit in die kerk, werk jy self daaraan? Is jy daar vir iemand as hy jou nodig het, of is jy so opgesluk in jou lewe van elke dag dat jy nie eers agterkom as iemand jou nodig het nie?! Of dink jy: “Later is daar tyd vir omgee, nou sal ek vir my vriende en familie omgee. Die ander mense het mos ook hulle familie om na hulle te kyk.” Maar is dit waaroor die gemeenskap van die heiliges gaan, oor families en vriendekringe wat na mekaar moet kyk en vir mekaar moet omgee? NEE !!

Is jou verhouding met God reg…

Voordat ons kan praat oor die gemeenskap van die heiliges, moet ons verhouding met God eers reg wees. Maar is ons verhouding met God wel wat dit moet wees, of moet dit ook wag vir later? As ons vereniging toe gaan, doen ons voorstudie, gesels ons saam? Natuurlik, as jy ‘n keer nie voorstudie gedoen het nie, kan jy ook baie leer van wat ander sê, maar as jy nooit voorstudie doen nie? En as die persoon wat wel voorstudie doen nie by vereniging is nie, wat maak jy dan? Is jou verhouding met God dan afhanklik van iemand anders wat voorstudie moet doen? Vertrou ons dan alweer meer op mense? Dis nie soveel moeite om voorstudie of persoonlike Bybelstudie te doen nie. Hoe wil jy anders ooit jou God en Vader leer ken, ‘n persoonlike verhouding met God opbou?

Ons is dikwels so besig met ons eie lewens dat ons aan die einde van die dag agterkom dat ons Vader, God, ook nog bestaan. Miskien bietjie kru gestel, maar is dit nie baie keer wat gebeur nie? Ons is so besig met alles reël en alles betyds regkry of net sommer kuier dat ons God ‘vergeet’. Maar moet ons nie juis God by alles in ons lewe betrek nie, want hoe kan ons anders ooit ‘n sukses maak van dit wat ons doen, sonder dat ons met God daaroor gepraat het?



Is jou verhouding met jou naaste reg…

Wil ons eerder saam met vriende Bybelstudie doen as in ‘n vereniging, want ons tydsgees van vandag is mos maar “wat kan ek uit alles kry, wat is vir my lekker en as ek dit nie kry nie, dan soek ek dit maar êrens anders.” Dink ons wel genoeg oor wat God wil hê - om ons naaste, ook ‘n kind van God, te help!! Ons is nie net in die kerk om self te groei in geloof nie, maar ook juis om die ander te help. Jy is daar om oop te staan vir vreemdelinge, om ‘n magneet te wees wat mense kerk toe trek, omdat hulle aan jou lewe kan sien dat jy ‘n

kind van God is! Jy is nie net by vereniging om self iets te leer nie, maar ook om ander te help wat worstel, wat jonk is en nog baie moet leer. Baie keer is ons ontevrede oor die vereniging en is ons nie lus om te gaan nie, maar doen ons self wel genoeg moeite om dit 'n goeie verenigingsaand te maak?

Sien ons dit raak as iemand nie 'lid' is van 'n vriendegroep binne die kerk nie, doen ons moeite om hom of haar te betrek by ons aktiwiteite, of is ons nie lus vir 'n 'vreemde' in ons vriendegroepie nie?
Hierdie artikel klink miskien bietjie baie negatief, maar dié dinge is regtig baie sterk aanwesig onder die jeug! Hoe gaan die kerk oor twintig jaar lyk as die jeug nou al so min vir mekaar omgee…

"Kinders van God sonder gebrek te midde van 'n krom en verdraaide geslag onder wie julle skyn soos ligte in die wêreld." (Filippense 2:15)

Laat ons ook in hierdie wêreld die lig van God uitstraal deur die gemeenskap van die heiliges uit te straal na buite, sodat almal kan sien dat ons kinders is van die Vader wat sy hele "lewe" werk om vir ons te sorg en wat sy Seun gestuur het om vir ons te ly!

GOD FASHION EN JEUGDIENSTE: NUTTIG?

Alex van Houwelingen

In Nederland is daar die afgelope tyd nogal heelwat ophef gemaak oor 'n "nuwe" uitvinding: God Fashion. Dit is 'n interkerklike jeugbyeenkoms waar daar een keer per maand op 'n Sondag met praise, toneeltjies en rockmusiek 'n soort "kerkdiens" gehou word. Hulle wil egter nie as kerk gesien word nie, omdat hulle die leemte wat die kerk skynbaar vir jongmense los, wil opvul, en nie self ook kerk wil wees nie. Dit is nie onbekend aan ons nie. Jeugdienste word oral in ons land gehou en is ook baie populêr. In die artikel sal ek telkens verwys na God Fashion, maar dan word dié jeugdienste ook daarby ingesluit. God Fashion gaan dus nou as universele benaming vir dié verskynsel gebruik word.

Kerk?
God Fashion sien homself graag as 'n alternatief vir die kerk. Die dienste word Sondagaande gehou, daar word 'n seën uitgespreek en die vormgewing het ook iets weg van 'n kerk. Dit is met 'n doel so gedoen: die jeug begin dit sien as 'n kerk en natuurlik geniet hulle dit ook meer. Maar kan dit 'n kerk genoem word? Dit lyk nie so nie, want hoe kan 'n kerk (= God se gemeente) 'n leeftydsgrens hê, terwyl daar geen egte verskille en nie regtig kontak tussen die "lede" is nie, omdat dit nie 'n vaste groep mense is nie? Is dit 'n kerk? Of selfs 'n alternatief vir die kerk?

Alternatief?
Duisende mense gaan God Fashion toe as dit gehou word. Dit sien mens nie by 'n gewone kerk soos ons s'n nie. Volgens die organiseerders is dit 'n bewys dat God Fashion 'n behoefte bevredig aan die jeug wat die kerk nie kan doen nie. Dit is waar, maar ook baie logies. Dit beteken egter nog nie dat God Fashion sommer 'n alternatief vir die kerk kan wees nie. Om Vrydagaande uit te gaan, om 'n sportwedstryd te kyk en om kaart te speel, voorsien ook definitief aan 'n behoefte waaraan die kerk nie kan voorsien nie, maar is dit daarom 'n alternatief?

Doel van die kerk
Die doel van die kerk is daarom ook nie om behoeftes te bevredig nie, of om jou belangstellings as sulks aan te spreek nie. Die doel is om na God te kom, sy Woord te hoor en Hom te loof en prys! Om in sy Gemeente werksaam te wees! Doen mens dit met iets soos God Fashion? Mens loof en prys dalk (van buite gesien) die Here, maar Paulus sê in 1 Korinthiërs 2: 4-5 dat dit alles ook maar betreklik is: "…en my rede en my prediking was nie in oorredende woorde van menslike wysheid nie, maar in die betoning van gees en krag, sodat julle geloof nie in die wysheid van mense sou bestaan nie, maar in die krag van God". En aan die taak wat mens in die gemeente het, kan God Fashion glad nie voldoen nie, want

dit is ‘n onafhanklike instansie, sonder egte kontak tussen die besoekers. God, die geloof en die kerk word aangepas aan ons, terwyl dit anders moet wees - óns moet verander! Verder is daar nog ‘n probleem: elke gelowige het die taak om hom by die ware kerk te voeg en eenheid te soek in die geloof, maar wat doen God Fashion eintlik? Dit sal mettertyd groot gate laat val: as die besoekers ouer word, is hy/sy eintlik al te oud vir die byeenkomste (vanweë die ouderdomsgrens), en dan moet die persoon gou ‘n kerk soek. Maar dan sal die persoon, na al die jare van God Fashion, nooit meer gelukkig kan wees in ‘n gereformeerde kerk nie. Hy/sy sal waarskynlik na ‘n sekte of ‘n evangeliese kerk gaan, omdat dit die naaste is aan God Fashion. Of hulle stig weer ‘n nuwe sekte. Al wat dan gekry word, is nog meer verdeeldheid. En dit is nie wat God wil hê nie.

Evangelisasie?

Die groot verskoning vir sulke populêre samekomste soos God Fashion is altyd dat dit goeie evangelisasie is. Dit lyk reëel, want dit is logies dat mens maklik mense van buite sal kan saamnooi na so ‘n rock-event. Die resultaat stel, na ondersoek, egter nogal teleur. Die meeste mense wat daarheen gaan, is in elk geval lid van ‘n kerk en soek net iets anders. Die vraag is ook of dit regtig evangelisasie is. Die woord evangelisasie beteken om die evangelie (= blye boodskap van ons Verlosser, Jesus Christus) te verkondig. Dit word natuurlik nie gedoen deur ‘n liedjie te sing (met ‘n Britney Spears-byklank) waarin die geloof aangepas word aan die wêreld nie. Dit lyk meer soos devangelisasie, want in die eerste plek saai so iets verdeeldheid. Byvoorbeeld, die ouer mense in die gemeente raak ongelukkig oor die vernuwing in die kerk. Verder kry die Woord van God ‘n leë inhoud en gaan Christene (meer spesifiek, Gereformeerdes) ‘n popkultuur-uitstraling kry. Dan kan dalk duisende mense die byeenkoms besoek, maar op die ou end is daar niemand “vir God gewen nie”. En dit is daarom nie meer evangelisasie nie.

Waak vir Satan!

Deur die geskiedenis heen is Satan se krag altyd die meeste openbaar deur die mense waarvan dit die minste verwag word: die Christene. Deur al die onbybelse idees en leë vernuwinge het Satan al baie bereik. Behalwe verdeeldheid onder die Christene, ook die devaluasie van ons geloof. Christenskap word ‘n grys, flou pap sonder enige inhoud. Dit is ons taak om daarteen te waak. Ek wil glad nie insinueer dat God Fashion direk van Satan is en dat dit die kerk se ondergang beteken nie, maar mens moet wel oppas. Want elke dergelike tree wat mens neem, is een nader aan verval. Wat ons dus moet doen, is om met die hulp van God ons kerk en lewe na God se wil in te vul. Omdat ons behoefte nie ‘n wêreldse behoefte moet wees nie, maar wel om nader aan God te wees!

'N BEROEP OP VERSTAND

Corrien Geleijnse

"Maar tevergeefs vereer hulle My deur leringe te leer wat die gebooie van mense is."

Leringe van mense? Die wêreld van 2003 is vol van die gebooie van mense – die een meer aanneemlik as die ander. Of ons dit aanneem of nie hang af van wat ons glo, van wat ons idee van reg en verkeerd is. Op sigself reeds 'n menslike lering aan onsself! En hoe sal ons 'n idee van reg en verkeerd kry? Die doodeenvoudige antwoord is die Woord van God.

"Kom nou en laat ons die saak (met mekaar – N.V.) uitmaak, sê die Here: al was julle sondes soos skarlaken, dit sal wit word soos sneeu… . As julle gewillig is, en luister, sal julle die goeie van die land eet. Maar as julle weier en wederstrewig is, sal julle deur die swaard geëet word…" (Jes. 1 : 18 – 20)

God doen 'n beroep op ons verstandigheid. Die menslike ras het alle rede om ag te gee op die liefde en genade van God. Alle rede! En tog, geleerdheid, intelligensie en selfvertoue ten spyt, is die meeste van ons onverstandig – en bewys ons dit keer op keer deur elke dag vir onsself te lewe, God vergetend.

Hoe maklik val veral ons as jeug nie in hierdie slaggat nie! Dink maar aan die vakansie wat ons agter die rug het – hoe maklik raak gebed en die Bybel en God nie vergete om 'n skottelbraai-ontbyt of 'n jolige braaivleisvuur saam met vakansievriende nie! Onverstandig!

Elkeen van ons, selfs ateïste, beoefen elke dag 'n vorm van "vertroue/geloof". Vertroue in die voorskrif van 'n dokter, geloof in die vermoëns van 'n Boeing-piloot. Maar dokters en pilote maak soms foute. As dit egter kom by die geestelike waarheid, en die vraag waar ons die ewigheid sal deurbring, is daar geen plek vir foute nie. Geloof in en vertroue op 'n valse god of lering kan nie ná die dood reggemaak word nie.

Om 'n kans te vat met die ewigheid, om 'n vae hoop te koester, om minder as doodseker te wees waar ons die ewigheid sal deurbring, is die onverstandigste wat ons kan doen.

Darwin sou gebroke wees om te sien hoe sy teorie deur die ontwikkeling in navorsing van DNA omvergewerp en tot onsinnige redenasies verpletter is. Hoe onverstándig is sy teorieë buite-om God nie nou in die lig van die wetenskap nie! God word uit sy eie skepping gestoot deur dwepers en God-vergeters. Om te ontken dat God die Skepper van alles is, om die leuen te verkondig dat duisende spesies van insekte, visse en diere op die een of ander, deur Darwin gefabriseerde teorie, uit mekaar ontwikkel het, is onverstandigheid in sy mees korrupte vorm.

Homoseksuele loop in "Gay Pride"-parades te koop met hul afstootlike lewenswyse. Tróts op 'n weersinwekkende verdorwenheid wat lewensverwagting met 40% verminder en tot die uitsterwing van die hele menslike ras sou lei; sou almal dit aanneem?!? Weereens 'n voorbeeld van die sondige onverstándigheid wat die mens kwel.



Massas sogenaamde Christene is willens en wetens ongehoorsaam aan God, ons Vader, se onderwysinge en sy voorbeeld. Talle leraars en teoloë gee voor om uit 'n

onfeilbare en toereikende Bybel te predik, of beweer dat dele daarvan deur God geïnspireer is, maar dat niemand volkome seker kan wees van wat Hy regtig van ons wil hê nie. Weereens, onverstandig!

Die mensdom se redenasies is doodeenvoudig irrasioneel. Neem maar die voorbeeld wat die skrywer van die artikel gebruik. Hy was in die hospitaal vir 'n hartoperasie en was geskok om baie van die verpleegsters op sy vraag te hoor antwoord dat hulle kan glo wat hulle wil. Toe die skrywer hierop sonder meer uit die hospitaal ontslaan wil word, omdat die dokters en verpleegsters kan glo wat hulle wil, is die reaksie: "I meant about religion. Obviously there are definite medical procedures…" Dus is daar reëls vir die versorging van die liggaam, maar geen ten opsigte van die ewige gees en siel nie? Het God dus geen reëls vir toegang tot sy woonplek nie? Hoe onverstandig en onredelik is dít?

Mense is so verstandig as dit kom by die dinge in hierdie aardse lewe, maar waar die ewige ter sprake kom, strooi hulle letterlik alle rede en verstandigheid in die wind.

Soveel mense is tevrede daarmee om hulle deur 'n leraar, kerk, geestelike leier of ghoeroe te laat voorsê wat om te glo – hulle neem nie die tyd om self te gaan seker maak of dit ook is wat God ons leer en van ons vra nie. Hoe gevaarlik onverstandig is dit nie!

Petrus vermaan ons: "…wees altyd bereid om verantwoording te doen aan elkeen wat van julle rekenskap eis omtrent die hoop wat in julle is…" (I Pet 3 : 15). Ons geloof in en hoop op Christus moet so ooglopend wees dat ons dikwels hierna gevra sal word. "Laat die woord gesond en onweerspreeklik wees, sodat die teëstanders beskaam kan word en niks slegs kan hê om van julle te sê nie." (Titus 2 : 8)

Die God van die Bybel, ons Váder, gee ons meer as genoeg rede om in Hom en sy Woord te glo. Ons word genooi om met Hom rede te voer. Ons Hemelse Vader wil ons harte hê. Mag ons lewens en woorde as jeug vele oortuig van die waarheid en redelikheid van "die geloof wat eenmaal (vir almal) aan die heiliges oorgelewer is" (Judas : 3)!

(Bron: THE BEREAN CALL 12/02 – An Appeal To Reason, deur Dave Hunt)

Deur Die Sleutelgat

So aan die begin van die nuwe jaar is daar weer 'n hele swetterjoel gebeure en mense oor wie sappige stories verkondig kan word. Julle getroue en ywerige sleutelgatspioen het beslis die vinger op die pols gehad. So, lees en word wys omtrent die aksies van die Kaapse jeugdiges.

Dit is teen hierdie tyd nodeloos om te verwys na ons menige kuierure op die spierwit strande van Clifton, met die kristalhelder water aan ons voete en kersvlammetjies as ons lig. Ook was Ilse se huis oudergewoonte weer 'n gewilde uithangplek en het 'n hele klomp van ons vir 'n volle dag daar afgepak om te swem en te verbrand. "Tan" is eintlik die verkeerde term in hierdie verhaal.

Dan was daar natuurlik die Kaapse Kerssangaand waar ons al 'n hele paar gaste van oorkant die Vaal kon verwelkom en groet. Ons het besluit om die vrolikheid van die aand voort te sit in die Spur en daar het ons die management weer al hul dae gegee met eindelose versoeke vir bordjies tjips, glase water, verjaarsdagliedjies en milkshakes. Alex was dié slag die een wat onder die verjaarsdag-treatment moes deurloop.

En toe breek die dag van Kongres aan. Julle sal verstaan dat dit vir my onmoontlik is om elke frats en wonder aan julle te vertel, dus hou ek my maar by 'n paar uitspattige gebeure wat golwe van vermaak en giggels

deur die kamp laat loop het. Heel eerste, sal julle met my saamstem, kom daardie kaalgat-engeltjie, Cupido, se fratse by my op. Die Kaapse redaktrise van hierdie blad lyk deesdae asof haar voete skaars grondvat, so hoog is sy op wolkie nommer nege van hier af, en 'n sekere eks-Gautenger se donker oë blink ook weer. Vermoedelik verlief, huh?! Geluk, Carina en Hein! En nog 'n veelbesproke geval is die Kaap se mees berugte hartebreker, Alfred, en Cornelia, ook al 'n bekende in die Kaap se sosiale kringe. Moenie dat die afstand julle onderkry nie, hey! Vir veel meer pyle het Cupido nie kans gesien nie, of anders weet julle gewoonlik goed ingeligte en besonder mededeelsame Sleutelgatloerder nie hiervan nie.

Verder was die hindernisbaan verseker een van die hoogtepunte in die vyf dae, al het sommige van ons net-net lewendig van hierdie avontuur afgekom. Met die nagmars het ons broeder Verward, hoof van die ontspanningskomitee, ons heeltemal verward gehad met die sinne wat ons vir hom moes uitwerk. Annette, ons visitor from down under, het letterlik 'n bynes versteur in haar soeke na antwoorde en woorde op die raaisels.

O, en natuurlik is daar Gerrit wat oorboord gegaan het met die Ultramel-vla. Mensig, was dit nie vir jou 'n morsige spulletjie nie en ek, vir een, het bepaald daarna gevoel om meer as net 'n paar trane te stort oor die hartverskeurende vermorsing van fantastiese lekker KOS!!! Carien, ek hoop jy het darem ook van daai heerlike geel poeding ingekry! Net soos die waatlemoenfees, come to think of it, wie het nou ooit daaraan gedink om die mors van kos 'n ontspanningsaktiwiteit te maak?!? Soos my ouers my sou berispe: "Er zijn wel duizenden kindertjes in Ethiopië…"

Natuurlik was daar ook die nodige sportiewe ontspanning in die vorm van krieket, volleyball en sokker. O, en natuurlik die nodige swemmery – vrywillig of verplig, in swemklere of in gewone klere, geswem is daar geswem! Laat dit verder onder almal se aandag kom dat die Kaap hierdie jaar die trotse wenners van die sokkerwedstryd was, en laat ek nou een Gautenger hoor moan oor die regte sokkerspelers wat nie daar was nie…! Onsin, julle weet so goed soos ons Capies dat al die provinsiale en SA-spelers in julle span teen die Kaap was! En nogtans het ons gewen.

Die Kersete was soos gewoonlik ook een van die hoogtepunte. Die foto's wat die uwe al onder oë gehad het, oortuig my van die feit dat almal ewe veel pret en goeie tye gehad het. Daarby was die referate ook 'n sukses en vir die hele organisasie van 'n heerlike tydjie moet ek namens almal, neem ek aan, aan Chrisjan en Lieneke 'n groot woord van dank rig. Dankie vir julle tyd en moeite, julle twee!

Ná al die drukte en aktiwiteite het 'n paar dames die hasepad gekies Ceres toe om daar te gaan bykom en ontspan. Die paar wie se afwesigheid deur die sleutelgat bespeur kon word, was Lieneke – welverdiende ontspanning vir haar – suster Annamarie, Carien en Hester.

Dan is daar gerugte dat die ander korporaal van Kongressake, Chris, nie juis veel rus gegun is nie. Tien Gautengers het hom en Carina na bewering in die huis oorval en aangedring op slaapplek. Natuurlik kon daar nie nee gesê word nie… Net 'n grappie, alle ontsteldes, hulle het nie werklik so 'n kriminele aanslag gevolg nie – die verblyf is aangebied. Dus, vir die volgende paar dae lank het nie een van die Van Altens nodig gehad om kos te koop, te maak of huis op te ruim nie. Alles is vir hulle gedoen. Volgende keer moet julle tien Vales maar hier by my huis kom afpak; ek ly nog onder die laaste stuiptrekkings van die arm-student-sindroom en netheid is nie juis my sterk punt nie…

Hiermee kom ek aan die einde van die eerste skinderberig vir die jaar. Aan almal wat weer die nimlike teenwoordigheid van dosente, handboeke en lektore opsoek om akademies te verkeer – sterkte! Vir almal wat begin werk, reeds weer aan die gang is, of nog werk soek – nog meer sterkte. Die wêreld daar buite is rof en onbeskof, so het ek onlangs uitgevind.

Dus, tot 'n volgende keer met nog meer skinderberiggies oor al julle gunsteling persoonlikhede.

Die Sleutelgatspioen

Voetspore

Hierdie uitgawe van die Voetspoor mag dalk net oorvleuel met sy Kaapse ekwivalent, en daarom sou ‘n meer gepaste naam vir hierdie artikel “die Voetgat” of die “Sleutelspoor” wees. Maar om belaglikheid te voorkom, is dit tog gewoon Voetspoor.

Wat kan mens eintlik oor hierdie afgelope tyd vertel, behalwe dat ons ‘n ongelooflike tyd in die Kaap gehad het? Alhoewel nie almal nie, vra maar vir o.a. Pieter en Floris. Dalk het hulle ‘n ongelooflike tyd by die werk gehad??? Oor Arnold hoef mens nie te worry nie: alhoewel hy nie saam was Kaap toe nie, het hy - aan sy verhale te oordeel - tog nogal ‘n heel uh… aangename vakansie gehad saam met Erik “Jou Ma” Visser. Maar nogtans, kan hulle ondernemings ook maar slegs enigsins vergelyk word met die Kaapgangers se vakansie? Enige opmerkings, tuisblyers?

‘n Artikel soos hierdie een word baie keer na ‘n Kongres gebruik om bedankings te lewer aan die mense wat dit verdien. En aangesien tradisies daar is om gehou te word, maar nog meer omdat dit ook so behoort te wees, die volgende: Dankie, Kaap, vir die kongres en die bykomende dinge! Dit was baie lekker! Oor al hierdie lekker dinge kan u waarskynlik lees in die Sleutelgat, so blaai maar vinnig soontoe!

In Pretoria het daar gelukkig ook so nou en dan iets gebeur. Behalwe ‘n Oujaarsaand by Patty se blokhut, was daar ook - ná die groot Kaapse uittog - ‘n DVD-aand by Wouter en Petra. Wouter wou voor en tydens die reëlings glad nie in verband gebring word met die aand nie, maar aangesien hy heeltyd vooruit vertel het wat gaan gebeur in die fliek (Saving Private Ryan), moet mens tog sy naam noem. Blykbaar het die groot deel van die teenwoordiges dit nogal waardeer dat hy heeltyd vertel dat daar “nou ‘n dude gaan wees wat nie wil huis toe gaan nie, china” en dergelike inligting verskaf het. Hy gaan nou ‘n kontrak by Ster Kinekor kry, dat hy tydens die flieks heeltyd die basiese storielyn voor die tyd gaan vertel. Petra het die fliek nogtans geniet, maar dit het dalk daarmee te doen dat sy dalk ook Private Ryan sou wou save… Sien u dit al voor u? Saving Private Ryan 2, met Petra Ros in die hoofrol?

Die volgende dag het ‘n groep gaan ten pin bowling speel. Daar het Erik Visser bewys dat hy nogal ‘n bowler van formaat is. Ag ja, maar hy het dit wel geweet, want elke keer as hy weereens ‘n strike gooi, het dit gepaard gegaan met ‘n luidrugtige gejubel. Net een vragie? Vanwaar die bowlingnaam “Elton John”? Is dit vanweë die luidrugtige gejubel wat Elton John ook so bemeester? Ek twyfel. As dit so was, sou hy homself eerder na Limp Bizkit se Fred Durst moes vernoem, want sy sangtalent vertoon meer vergelykbare elemente met hom as met Elton John.

Minder as 24 uur daarna het ons weer ‘n DVD gekyk, hierdie keer danksy Sietse se gevorderde rekenaarsisteem. Dalk moet ons almal ook maar Siviele Ingenieurswese gaan swot om so ‘n PC te kry… Die fliek, The Saint, was nogal Bond-erig, maar tog nogal amuserend. Ongelooflik net hoeveel ‘n gewone Swatch kan doen? Dalk iets vir Johan Bijker wat seker nog steeds die ys moet breek om by sy slaapkamer daar in Antarktika te kom? Vir Hester was die fliek egter baie scary (seker net so scary soos Pink Panter), maar dit was omdat haar eie Bond (Reinhart) nie daar was nie. En ja, dan kan dit nogal scary wees, sonder die fris aanhangsel wie se hand jy kan vat as jy skrik…

Om al hierdie dinge op te som: die vakansie is dalk amper (of heeltemal) teen ‘n einde, maar dit sorg nog nie vir ‘n passiewe tydjie in die deursneejeuglid se lewe nie! Dalk gaan elkeen skool-, Technikon, Universiteit- of enige ander tersiêre opleiding- of werkswaarts keer met ‘n sug: “uiteindelik RUS”!

Groete
Voetspoor

JACOBA AFRIKANER – MARETHA MAARTENS

Wilma Lubbinge

Niks berei jou voor op die inhoud van dié boek nie. Mens is gou geneig om na die skryfster se naam te kyk en te dink jy weet wat tussen die voor- en agterblad gaan wees.

Maar net soos met “ ’n Pot vol winter ” kry Maretha Maartens dit reg om jou asem weg te slaan. Jou moontlik selfs kwaad te maak, maar meeste nog te skok. Sy vlek menswees oop. ‘n Menswees wat vir meeste van ons onbekend is. In die veilige kokonnetjie van ons beskermde lewe kan nie ons ons dit nie indink of selfs probeer verstaan hoe sulke dinge kan bebeur nie.

Die agtergrond vir die drama is Namibië. Die verhaal spring van een plek na die volgende, van die hede na die verlede en die verre verlede.

Jacoba Afrikaner bly saam met haar hele familie op Baas Petrus se plaas. Dis ‘n goeie lewe, en soos dit die gewoonte is, word stories uit die voorverlede oorvertel. Dat hulle voorvaders “Manne van manne” was, en die rol wat hulle in die geskiedenis speel. Toe daag die Herero-jongman op om vir sy oupa te kuier. Hy maak haar wakker – as vrou en as mens:

“Penduka, word wakker, penduka;
word wakker vrou, weet wie jy is.
Hoe mooi is hierdie plek
Ons is saam op die groot wye vlakte
Otjituezu, Otjituezu, groot wye vlakte
Waar die jongvrou wakker word.”

Tuvahi moet oorlog toe gaan. Sy familie wil haar nie hê nie. Die ashoop waar mense lewend en dood verdwyn, is haar enigste pad vorentoe.

Bas Pretorius en sy gesin se verhaal word tussen Jacoba Afrikaner s’n vervleg. Soms wonder mens waar die twee verhale raakpunte gaan vind. Maar dit gebeur - onverwags.

Bas is ‘n ontnugterde man. Die vele slae wat die lewe hom toedien, is te veel om te hanteer. Sy familie en huwelik vra meer as wat hy kan gee. Sy oudste seun was in Angola om oorlog te maak, maar het bossies geraak. Hulle is op verskillende planete.
Sy dogter en haar bosvriend. En dan sy jongste seun. Die anderste een. Die een met Prader Willi-sindroom.
Hoe moet hy sin maak uit die chaos? Sy lewe as dominee het hy al lankal laat staan.

Die boek is met deernis en sensitiwiteit geskryf, sonder om die waarheid af te water. Maar soos so dikwels in die lewe, is die waarheid juis dít wat ons nie wil weet nie. As jy anderpad wil kyk, moet dan nie die boek lees nie. Maar weet: dié dinge het beur, gebeur nog steeds en sal nog gebeur.

Die boek is nie aanbeveelbaar vir kinders onder 16 jaar nie.

LEVEN ZONDER MASKER – MARLEEN RAMAKER

Geloof en praktijk aan de hand van Romeinen 12:9-21

Wilma Lubbinge

Ons leef in ‘n wêreld van maskers. ‘n Masker van vrolikheid om neerslagtigheid weg te steek, of ‘n masker van baasspelerigheid om minderwaardigheid weg te steek.

Jesus het, terwyl Hy nog op aarde was, gepraat van liefde. Liefde wat meer is as emosie. Liefde wat daarvoor sorg dat ons nie meer maskers hoef te dra nie. Omdat ons onsself mag wees, omdat ons glo en weet dat ons lewe betekenisvol is.

Romeine 12:9-21 word gebruik om dié tema te bespreek. Elke vers word bespreek en prakties toegepas. Aan die einde van elke hoofstuk word ‘n paar punte genoem om oor na te dink, en wat ook bespreek kan word.

Die boekie kan as persoonlike Bybelstudiehulpmiddel gebruik word, of selfs as ‘n reeks besprekingspunte in groep-Bybelstudie.

Uitgegee deur Barnabas Uitgewers - Nederland

Gedigte

BO AL U DONKER BOME – TOTIUS.

Ons as sondaars wil God se raad na ons wil skik, dan loop ons vas teen God se alwysheid. God se raad is bo ons verstand en redeneervermoë. Ons moet alles aan God toevertrou, ons kan niks uit onsself doen nie. Dit is ook duidelik dat die digter, Totius, dit besef in die gedig hieronder.

Bo al u donker bome, o Heer
Groei my ‘n enk’le reusboom uit:
Dit is die wag-‘n-bietjiebos
Van U besluit
Van ver so skoon, so groen, so blink…
Maar hoe verward
Wanneer ek dieper kyk en dink
As wat ‘n sondaar pas.
En steek ek dan my hande uit
Na U besluit
Dan gryp ek in die dorings vas

Ps33:6
Die Heer se raad word nooit gekeer nie; dit sal bestaan in ewigheid. Teen Sy besluit is geen verweer nie; bestendig duur dit vir altyd.

VERJAARSDAE

Bethal

Melinda Deysel	23-Feb
Albert Coetzee	16-Mar

Johannesburg

Peter Hamming	12-Mar
Wolter Bijker	20-Mar
Johan van Lith	22-Mar
Pauline Seijdlitz	27-Mar

Kaapstad

Hester Douma	04-Feb
Carien Antonides	28-Feb
Corrien Geleijnse	01-Mar
Sjirk Geerts	05-Mar
Maarten Raimond	21-Mar

Maranata

Pieter van den Dolder	01-Feb
Tanya Kampman	13-Feb
Veronica Bouwmeester	20-Feb
Bertha de Jager	03-Mar
Gerda Aartsma	24-Mar
Erik Visser	30-Mar
Marinus de Jager	31-Mar

Pretoria

Nicoline Bijker	03-Feb
Andre van der Veen	07-Feb
Wouter Ros	09-Feb
Gerrit Smit	17-Feb
Eric Danielz	20-Feb
Annette van der Poel	21-Feb
Marita Ros	24-Feb
Jako Lubbinge	27-Feb
Marjanie Roose	02-Mar
Jan Lubbinge	13-Mar
Annelieke de Vries	21-Mar
Natasha Danielz	25-Mar
Pieter Bron	25-Mar
Albert van der Poel	26-Mar

Romeine 11: 33 – 36: o DIEPTE van die rykdom en wysheid en kennis van God! Hoe ondeurgrondelik is sy weë! Want wie het die gedagte van die Here geken, of wie was sy raadsman gewees? Of wie het eers iets aan Hom gegee, dat dit hom vergeld moet word? Want uit Hom en deur Hom en tot Hom is alle dinge. Syne is die heerlikheid tot in ewigheid. Amen

Sperdatum vir die volgende uitgawe:

16 Februarie 2003